Sondag

28 Junie 2020 11:00

In isolasie tydens nasionale staat van inperking

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Oor stemme en profete; na wie luister ons en waarom?

Skriflesing: Jeremia 28:4-9

"Raise your words, not voice. It is rain that grows flowers, not thunder."
— Rumi

"A book is made from a tree. It is an assemblage of flat, flexible parts (still called "leaves") imprinted with dark pigmented squiggles. One glance at it and you hear the voice of another person, perhaps someone dead for thousands of years. Across the millennia, the author is speaking, clearly and silently, inside your head, directly to you. Writing is perhaps the greatest of human inventions, binding together people, citizens of distant epochs, who never knew one another. Books break the shackles of time — proof that humans can work magic."
— Carl Sagan

Broodjies vir die pad

Highpriest van die Socialism

'n Profit van die liberation djy?
'n socialist?
djy met djou hys-palys
met djou lang slap mouterkar
djy met daai kamma sed bek van djou
oorie plight van die
oppressed
met djou tears
en djou woera warra oppie stage
met djou skorrelsvol yt daai plush
hotels ennie first class
vannie jets

djou spiritual hys oppie level vannie
people? nou sal my
djou verbeel!
En hoe lyk dit met ordinary living vi'
daai five star style
Hoe lyk dit met djou blink suits vir
overalls en soe
Hoe lyk dit met djou skorrelsvol vir
take away fish 'n chips?

Adam Small

DOEMANIE

'n Proefiet van Jesus djý?
'n proefiet?
djy moet djou palys-hys
djy moet djou aeroplane-motorkar
djy moet daai kamma sêd smile van djou
en djou tears
en djou woerewarra op die pulpit
moet djou skorrelsvol braai-atappels en
-vleis?

djou hys 'n woestyn? nou sal mens djou
verbeel!
en hoe lyk dit met jou kale pote vi'
daai streamline ding
en hoe lyk dit djou toega vi' die vel
van 'n kameel
en hoe lyk dit moet daai skorrelsvol vi'
sprinkane en wille hiening?

Adam Small

Word wakker, Suid-Afrika

Anton van Niekerk

In van die jongste uitsprake (17 Junie) deur dr. Zweli Mkhize, aangevul deur pres. Cyril Ramaphosa, oor die verdere verslapping van vlak 3-regulasies, hoor 'n verbouereerde en ontredderde publiek vir die eerste keer in 'n lang tyd die stem van rede.

Eerstens wil die regering voortaan 'n "minder afdwingbare benadering tot die Covid-19-pandemie volg".

"Dit is nie realisties om die samelewing op lang termyn in te perk nie. Die geveg moet op voetsoolvlak deur 'n gedragsverandering in gemeenskappe gewen word," verklaar Mkhize.

Die politieke ontleder Ralph Mathekga word só in die media aangehaal: Die regering wil meer vryhede "aan mense teruggee en die ekonomie verder heropen".

Die regering "besef hy het nie die kapasiteit om mense soos babas op te pas nie . . . hofsake hoop op. Mense is ook keelvol".

Ek kan net sê: Amen! Wat my verstom, is hoe lank dit geneem het vir hierdie eenvoudige, deurslaggewende insigte om vorm aan te neem.

As burgers van die land dring ons op drie kwessies aan:

Eerstens mag ons nie soos kinders behandel word nie. Natuurlik het ons te make met 'n ernstige, lewensbedreigende pandemie en het die regering die verantwoordelikheid om 'n openbare gesondheidstelsel paraat te hê, wat veral na die armes kan omsien.

Die manier om die krisis te hanteer, is egter nie deur polisiëring (ook deur soldate), dreigemente, dwang, willekeurige beheermaatreëls en geweld nie.

Die meeste van ons is grootmense. Ons kan luister en verstaan as 'n situasie aan ons verduidelik word, en ons kan ons gedrag self verander. As publiek kan ons verantwoordelikheid aanvaar. Dit erken Mkhize en die president nou uiteindelik.

Tweedens moet ons hemel en aarde beweeg om die sinkende ekonomie te red, anders sal die sterftekoers weens hongersnood (voorafgegaan deur onbeheerste opstande in die strate) die sterftekoers van Covid-19 soos 'n spreekwoordelike Sondagskoolpiekniek laat lyk.

Ja, om te werk gaan mense aan groter infeksierisiko's blootstel as om hulle bewegingsruimte te beperk. Maar ons moet eenvoudig ons kanse in hierdie verband neem, anders stort

die samelewing in duie.

Daarmee saam moet die regering sy bestedingsprioriteite ernstig herbedink. Dit is eenvoudig waansin om een verdere sent te bestee aan die Suid-Afrikaanse Lugdiens. Laat daardie feniks asseblief in sy selfgeskepte as bly lê. Rondom die SAL sal ander verrys wat terstond sy plek sal inneem.

Derdens, hou op om dinge te doen wat die indruk skep dat die regering van die dag eenvoudig per dekreet en toegeëiende magsmiddele (mag) regeer.

Neem net die rookkwessie as voorbeeld. Die probleem daarmee is nie dat enigiemand oortuig hoef te word dat rook nadelig is vir ’n mens nie.

Die probleem is as jy rook wil verbied in ’n demokrasie, dan maak jy ’n wet wat regtens uitdrukking kan gee aan die wil van die meerderheid wat in die parlement verteenwoordig word. Jy kondig nie net af dat die verkoop van alle tabakprodukte taboe is nie (laasgenoemde is heel waarskynlik ook ongrondwetlik).

Die groot probleem is dat hierdie willekeurige, eensydige dekrete by sowel maghebbers as die gewone burgery die indruk skep dat dit maar goed is so, regerings kan maar maak wat hulle wil.

Ons is nie ’n diktatuur nie, ons is ’n regstaat! Wat by ons regeer is nie ménse nie, maar wétte – wette wat gemaak word in ooreenstemming met die wil van die meerderheid en die Grondwet.

Suid-Afrikaners moet wakker word, anders bevind ons onsself binnekort in ’n plek waar ons slegs kan luister na die nuwe, onvervangbare heersers. Dis die ergste wat die virus ons kan aandoen.

** Van Niekerk is ‘n uitgelese professor in filosofie en direkteur van die sentrum vir toegepaste etiek aan die Universiteit Stellenbosch.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/word-wakker-suid-afrika-20200622

“I'm no prophet. My job is making windows where there were once walls.”
— Michel Foucault

“The gospel is absurd and the life of Jesus is meaningless unless we believe that He lived, died, and rose again with but one purpose in mind: to make brand-new creation. Not to make people with better morals but to create a community of prophets and professional lovers, men and women who would surrender to the mystery of the fire of the Spirit that burns within, who would live in ever greater fidelity to the omnipresent Word of God, who would enter into the center of it all, the very heart and mystery of Christ, into the center of the flame that consumes, purifies, and sets everything aglow with peace, joy, boldness, and extravagant, furious love. This, my friend, is what it really means to be a Christian.”
— Brennan Manning, The Furious Longing of God

“The poor are always prophetic. As true prophets always point out, they reveal God's design. That is why we should take time to listen to them. And that means staying near them, because they speak quietly and infrequently; they are afraid to speak out, they lack confidence in themselves because they have been broken and oppressed. But if we listen to them, they will bring us back to the essential.”
— Jean Vanier, Community And Growth

Brood vir die pad

Geduld is nie net ’n onderwerping aan die status quo

RRV

In sy 5de-eeuse geskrif “De Patienta” (“Oor Geduld”) verwys die kerkvader Augustinus na die samehang van geduld en lyding (vandaar die verband tussen “patienta” en “pasiënt”).

Maar, voeg Augustinus by, ons moet nie te gou iemand prys wat ontberinge bloot geduldig verduur nie, want alles hang af van die saak waarvoor daar gely word. As rowers, byvoorbeeld, heelnag langs die pad in die koue wag op reisigers om voor te lê en te beroof, kan ons nie hul geduld as ’n lofwaardige deug beskou nie.

Augustinus onderstreep daarom sterk die gedagte dat geduld as ’n gawe van God teologiese betekenis ontleen aan die feit dat dit die regte einddoel of gerigtheid het – wat vir hom beteken dat dit in diens van die liefde staan.

Nou kan ons wel vra of ons vandag, gegewe die pandemie en ander globale en plaaslike krisisse, ongekwalifiseerd die lof van geduld as ’n positiewe geestelike waarde kan besing. Aan die een kant is geduld by uitstek ’n deug vir ons dag. Ons raak immers ongeduldig met die inperking, of voel dalk dat omstandighede ons wil laat boedel oorgee, of ons ervaar hoe ongeduld maklik ’n uitlaatklep vind in gewelddadige gedagtes en optrede.

Aan die ander kant sou ’n mens kon redeneer dat ons nou juis eerder ’n soort heilige woede aan die dag moet lê – dat daar in ons samelewing ’n sterker ongeduld moet wees ten opsigte van die normalisering van miskenning, geweld, rassisme en sistemiese onreg.

Laasgenoemde aspek bring, soos wat die Rooms-Katolieke morele filosoof Josef Pieper tereg onderstreep, die noodsaak na vore om nie die morele en teologiese betekenis van geduld te verskraal tot ’n passiewe en ruggraatlose onderwerping aan die status quo of ’n onregverdige bestel nie. Wat geduld wel behels, is dat ons die genade ontvang om op ’n wyse te kan weerstand bied en volhard, wat maak dat swaarkry, uitdagings en boosheid ons nie laat moed verloor nie, dat dit nie ons gees breek nie.

Geduld beteken dus nie die uitsluiting van ferm en energieke optrede nie. Ons kan byvoorbeeld daaraan dink dat Paulus wat na geduld verwys as ’n vrug van die Gees (Galasiërs 5:22), vroeër in dié brief vir Petrus teregwys omdat hy nie verder saam met nie-Joodse Christene wil eet nie en so van die evangeliese visie afwyk (Galasiërs 2:11-14).

Geduld se geestelike krag is dus ten nouste verbonde met ander deugde soos geregtigheid en die onderskeidingsvermoë aangaande dit wat regtig saak maak. Of om weer vir Augustinus aan te haal: “Geduld is die reisgenoot van wysheid.”

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-geduld-is-nie-net-n-onderwerping-aan-die-status-quo-20200620

“If I knew that today would be the last time I’d see you, I would hug you tight and pray the Lord be the keeper of your soul. If I knew that this would be the last time you pass through this door, I’d embrace you, kiss you, and call you back for one more. If I knew that this would be the last time I would hear your voice, I’d take hold of each word to be able to hear it over and over again. If I knew this is the last time I see you, I’d tell you I love you, and would not just assume foolishly you know it already.”
— Gabriel García Márquez

---

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877